

20 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 8:4-21  
Fokusgedeelte: Lukas 8:4-15

### Wat doen jy met die saad van die Woord?

Toe Jesus hierdie bekende koninkryksgelykenis uitgespreek het, was Hy in Galilea op die kruin van sy gewildheid. Groot skares mense het Hom gevolg. Tóg hang daar oor die gelykenis van die saaiër 'n wolk van weemoed en hartseer omdat hier sprake is van menselewens wat arm en leeg gebly het ten spyte van die feit dat die saad van die Woord in hulle harte gesaai is.

Jesus noem vier akkers - vier groepe mense - aan wie die Woord bedien word. Die eerste groep se harte word vergelyk met 'n *hardgetrapte pad*. Hulle luister wel, maar die duiwel neem die Woord onmiddellik uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en gered word nie. Die tweede groep is soos 'n *klipbank* met 'n yl grondlagie oor. Die Woord word met groot entoesiasme ontvang, maar omdat daar geen plek vir wortelontwikkeling is nie, word geen vrug voortgebring nie. Waar die goeie saad tussen die *onkruid* beland, dui dit op mense wat die Woord hoor en aanneem, maar helaas, op die lange duur kwyn hulle geloof as gevolg van hulle verknogtheid aan aardse skatte wat hulle perspektief op die hemel verdring.

Daarmee het die Here eintlik al gesê hoe die vrugbare akker lyk wat 'n honderdvoudige vrug oplewer. Dit gaan hier oor dieselfde groep luisteraars wat ook teen die slot van die bergrede aangeprys word (Matt 7:21). Dit is mense wat die Woord nie net hoor nie, maar dit ook in 'n wedergebore hart **bewaar** en deur volharding **vrug dra** (Luk 8:15). Maak jy daadwerklike erns met God se Woord? Is daaglikse bekering 'n deel van jou lewe? Weet dit dat jy 'n verantwoordelikheid het teenoor die Here wat hierdie gelykenis met soveel ondertone van heimwee en deernis aan jou vertel het. Hy het die duiwel en die dood oorwin sodat jy 'n vrugbare akker kan wees: 'n mens in wie se lewe die Woord van God 'n ryke oes aan wedergebore optrede en geloofsvolharding voortbring!

Sing: Skrifberyming 43:1,2,4

Ds JJ Cloete (Koster)